# WAARDEVOLLE AANWINS VIR POTGIETERSRUST

## Nuwe Stadhuis word Eerskomende Vrydag Ingewy

### PRONK-GEBOU WAT DIE GEES VAN SY OMGEWING WEERSPIEËL

(Van Ons Eie Korrespondent.)

POTGIETERSRUST, 18 Junie. — Vrydagmiddag 24 deser om 3-uur sal die offisiële inwyding van die nuwe stadhuis alhier, deur mnr. Charles Maggs van Pretoria geskied. Mnr. Maggs is 'n alombekende figuur op Potgietersrust en in die distrik. Hy was voorsitter van die eerste dorpsraad van Potgietersrust, en het ook die ou stadhuis wat onlangs afgebreek is, aan die dorp geskenk. Veral in mynaangeleenthede was hy in hierdie distrik baie goed bekend.

**Regmatige Trots.**

Ons dorpie mag met reg trots wees op die gebou wat eerdaags geopen word vir die gerief van die dorp. Dit was dan ook hoog nodig, want Potgietersrust het geen saal besit nie, en die munisipale amptenare moes enige jare al tevrede wees met 'n klein gehuurde geboutjie, wat heeltemal ondoeltreffend vir die doel was.

Mnr. G. Moerdyk was die boumeester van die nuwe stadhuis en mnr. W. L. Pietersen, wat die kontrak vir die bou gekry het, kon dit ongelukkig nie voltooi nie. Hy is oorlede kort ná met die bouwerk 'n aanvang gemaak was. Twee wakkere, flukse manne, mnre. J. S. Calitz en C. H. Coetzee, het toe die werk aangepak en die gebou voltooi tot volkome tevredenheid van die boumeester, die burgemeester en die raadslede.

Dit was ongetwyfeld 'n waagstuk wat die raad aangevang het om in die tyd van depressie so'n kolossale stuk werk aan te pak; maar hierdeur is dan ook weer werk verskaf aan baie mense, wat andersins sonder werk sou rondgeloop het. Die raad skyn al sy kragte in te span om werk aan die werkloses te verskaf. Eers is die strate op die dorp in orde gebring, soos dit nog nooit voorheen was nie; daarna is die dorpsgronde in kampe verdeel, wat heelwat mense werk gegee het, en nou is die stadhuis daar as 'n monument van hul arbeid.

Die plan van die nuwe stadhuis is 'n afwyking van die gewone. Oorspronklikheid is iets seldsaams wat waardevol word as dit gepaard gaan met paslikheid en ooreenstem met die tradisie.

**Deftige Eenvoud.**

Paslikheid met betrekking tot 'n gebou meen getroue weerspieëling van omgewing; ooreenstemming met tradisie, die gebruik en toepassing van tradisionele motiewe. In albei opsigte voldoen die nuwe stadhuis aan die vereistes. Die gebou is tiepies Afrikaans; dit weerspieël die gees van sy omgewing, en herinner tegelykertyd aan die Kaaps-Hollandse boustyl, nie deur groot gewels of 'n grasdak nie, wat so baie mense as onafskeibaar van ons Volks-boustyl beskou nie, maar deur sy helder mure en diep blou skaduwees, sy deftige eenvoud en stewige voorkome.


Die gebou bestaan uit twee dele, nl. 'n groot saal vir openbare funksies, en dan die munisipale kantore. In die saal is 600 sitplekke; dit het 'n aparte ingang met kaartjieskantoor en 'n hoede- en jaskamer. Daar is 'n verhoog met 'n valgordyn, voetligte en kleekamers. Die vloer sal met sy vere een van die beste danssale in die land afgee. Die sydeure open op 'n sygang, en 'n ope binnehof, wat 'n aantreklike verversingslokaal sal uitmaak met danse en ander funksies. Die saal is ook inge-

(*Vervolg in volgende kolom.*)

rig vir die vertoning van rolprente.

Aan die anderkant, rondom die hof, wat beplant sal word met skaduryke bome en palme is gegroepeer die kantore, die raadsaal en die biblioteek.

As 'n mens in aanmerking neem, dat die totale boukoste ongeveer £6,000 bedra, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die raadslede nie alleen werk verskaf het vir 'n deel van die inwoners van Potgietersrust nie, maar ook teen 'n buitengewone lae prys die pragtige gebou daargestel het.



*Die sierlike nuwe stadhuis op Potgie tersrust wat Vrydagmiddag ingewy word. Dit is 'n pragtige gebou en wyk heeltemal af van die gewone stadhuis-boustyl. Dit is teen die ge ringe koste van £6000 voltooi.*